

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 195

(April 1985)

Geen Verdienste

Alles Genade

* * * * *

"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

(Joh. 3:16)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Wat dink jy van jouself ?

Rom. 3:12: "Daar is nie een mens wat goed doen nie, selfs nie een nie". Pa, kyk hoe goed is ek!

Elke pa het dit seker al by sy kind gehoor. Elke mens wil nou maar eenmaal *goed wees*. *Elke mens dink van nature van homself meer as wat hy moet.*

Doemwaardig

Wat die Bybel ons egter leer is dat jy nie minderwaardig is nie, ook nie meerderwaardig nie, maar doemwaardig! Dit sien 'n mens spontaan geïllustreer in die lewe van elke mens. Geen kind leer om stout te wees nie. Hy is van nature stout. In Ps. 51:7 sê Dawid van homself die volgende: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het." So - met sonde belaaï, word elke mens sonder uitsondering gebore.

Onbekwaam tot enige goed

Omdat ons eerste voorouers Adam en Eva in sonde geval het, is ons almal saam met hulle in die ellende gedompel. So geweldig is die gevolge van die sondeval, dat Paulus aan die Romeine geskryf het, Rom. 3:10—12: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie; daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard." Alle mense is onbekwaam tot enige goed, en geneig tot alle kwaad. Daardie kind — en groot mens — wat beweer dat hy sogenaamd goed is, sê dit omdat hy inderwaarheid vol kwaad is.

Tot die dood gedoem

As ons sê ons is doemwaardig, dan sê ons daarmee eintlik dat ons tot die dood gedoem is — die dood van die hel! Rom. 6:23 "Die loon wat die *sonde gee, is die dood.*" Wanneer 'n mens 'n oortreding begaan het, bv. 'n verkeersoortreding, dan word jy gestraf met (sê nou maar) R50,00. Wanneer 'n mens egter teen God oortree het, dan is die straf soveel groter. Om presies te wees jy word met die grootste van alle strawwe gestraf: die dood van die hel, die ewige dood.

God is 'n regverdige God wat die onreg nie verdra nie. Hy roei dit uit. Eseg. 18:4 "Dit is die mens wat sondig wat sal sterf."

God is genadig

Nie alleen is God regverdig nie, maar Hy is ook genadig. Die feit dat ons fisies en liggaamlik gaan sterf, is direk die gevolg van ons sonde. Maar God het geen behae daarin dat 'n sondaar verlore gaan nie. Daarom het Hy Christus aan ons gegee.

Die straf wat op ons moes neerkom, het God aan Christus voltrek. Dit het Hy aan die kruis van Golgota gedoen.

Christus was sonder sonde. Hy hoef nie te gesterf het nie. Maar omdat God se liefde só oneindig groot is, het Christus daardie dood gesterf wat óns verdien het om te sterf.

Versoen met God

Omdat die straf op ons sondes reeds kláár betaal is, rus die toorn van God nou nie meer op ons nie. God se toorn het op Christus losgebars. Ons is nou versoen met God. En niks — nie eers die listigste aanvalle van die Satan — kan daardie versoeningswerk van Christus ongeldig maak nie.

- Van nature is ons sleg — in Christus is ons goed.
- Ons is goed gemaak — heeltemal teen ons natuur in, ondanks ons verdorwe natuur herskep God ons en maak Hy ons waardig om in sy koninkryk in te gaan.

Ds. A. H. Grove

So lief het God die wêreld

(Joh. 3:16)

Één saak waaroor die Bybel by ons geen twyfel laat nie, is die feit dat alle mense, sonder uitsondering, sondaars is en die ewige straf van God verdien.

In Rom, 3:10 lees ons: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie." En in vers 19: "die hele wêreld is strafwaardig voor God."

En in Rom. 5:12 staan dat die dood tot al die mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.

Geen mens het enige aanspraak op God se vergewende liefde nie, intendeel, ons verdien almal Gods ewige toorn en verwerping.

Desnieteenstaande het God, ongevraagd en onverplig, uit vrye welbehae, sy liefde aan die goddelose mensdom bewys.

Ons lees in 1 Joh. 4:9: "Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê."

Dit het Hy gedoen ten spyte daarvan dat ons van nature sleg en sondig is,

- ten spyte van die ellende en onreg wat ons mekaar aandoen,
- ten spyte van die haat en geweld wat ons veroorsaak.

En Hy het dit gedoen alleen om *een* rede — en die rede word aan ons verstrekk in 1 Joh. 4:8 "*want God is liefde.*" Dit is die hartklop van die Evangelie —

- God is die Fontein van alle liefde;
- Hy het geen behaie in die dood van die sondaar nie.

Nieteenstaande die doodskuld en die verworping en die doemwaardigheid van elke mens onder die son, is God se liefde só groot dat Hy nogtans mense wil red.

Dit is die wonder van die uitverkiesing:

Toe alle weë na die lewe deur die mens afgesny is, het God dit weer geopen.

Toe die mens alle kontak tussen aarde en hemel verbreek het, het God dit uit vrye guns herstel. "God het die wêreld só lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Joh. 3:16) Só is die ondeurgrondelike liefde van God geopenbaar: Volgens Sy ewige besluit het Hy Jesus Christus na die aarde gestuur om te ly en te sterf in die plek van die uitverkorenes. En nou is dit nie meer onregverdig dat baie verlore gaan nie, maar dit is onpeilbare genade van God dat baie gered word. Maar nou verwag God dat ons sy liefde met geloof sal beantwoord — en ook die geloof is 'n gawe van God.

Dit is dan ons roeping om in wederliefde

- met 'n oortuigde verstand
- en met 'n gelowige hart
- en met 'n toegewyde hand *Onself aan hom diensbaar te stel.* Joh. 3:16 sê dat elkeen wat in Hom *glo*, nie verlore sal gaan nie maar die *ewige lewe* sal hê.

Op ons geloof is God se genadeloon gewis en seker.

Vir elkeen van sy gelowiges het Hy die lewe in ewige heerlijkheid bestem — onverdiend, uit vrye genade.

Só groot is sy liefde.

Ter wille van sy liefde in Christus Jesus,

— Deur die gawe van die geloof wat die Heilige Gees ons skenk,

— en ondanks ons sonde en ongeregtigheid,

kan elke gelowige seker wees dat hy op pad is na 'n ewige bestemming van hemelse heerlijkheid.

Mag God

- die liefde
- die geloof
- en die vertrouwe

in u hart bewerk.

Ds. Pieter van der Walt.

Roeping tot prediking

Het u al daaraan gedink waarom dat God mense roep om te preek? Nie net preek omdat preek maar net preek is nie! Maar *preek* — dit is om die onfeilbare Woord van God te verkondig. Dat mense tot geloof gebring kan word, stuur God mense in *sy grote genade* om die blye boodskap van verlossing uit te dra. Het u geweet dat nie somer enige persoon kan gaan preek in die Kerk van die Here nie? Paulus skryf aan die gemeente in Rome: "En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?" (Rom. 10:15).

Die Here moet stuur.

Maar ons kan ook mos nie somer enige persoon na enige plek toe stuur om iets vir ons te doen nie. Voordat ons iemand opdrag gee om 'n boodskap oor te dra, moet ons tog daardie persoon roep. En as u 'n besondere boodskap wil oordra *roep* u die geskikte persoon aan wie u daardie boodskap wil toevertrou.

Só vertrou die Here God ook die besondere "boodskap" toe aan iemand wat Hy roep. Sonder dat God geroep en gestuur het kan jy nie gaan preek nie — nie in God se diens nie. 'n Pragtige voorbeeld is Jesus Christus self. God die Vader het sy liefde aan ons geopenbaar deur sy geliefde Seun te stuur. En hierdie *evangelie moet gepreek* word!

Hiervoor sorg God self!

Hy stuur eers Sy engele na die herders in die veld om die geboorte van Jesus aan te kondig.

Dan verkondig die Here Jesus as Gestuurde na ons, die wil van die hemelse Vader.

Daarna stuur die Here Jesus weer die dissipels wat Hy geroep het (Matt. 4:19), uit om die Evangelie te gaan verkondig aan alle volke (Matt. 28:19).

Uit alle mense word net die twaalf man gestuur en later het Paulus ook die roeping en opdrag ontvang.

Daarom sê Paulus ook: "En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?" Eers gestuur en dan kan hy preek.

'n Mens mag wel die roeping aanvoel, maar as God nie roep (beroep) deur sy Kerk tot arbeid nie, *kan* jy nie preek nie. Daarom moet 'n prediker altyd 'n gestuurde van God wees — en aan die Kerk gebonde.

Só omsingel God dan die mens:

- God roep 'n mens
- Daarna stuur God hom

Dit gaan dus nooit om die predikant nie *maar* om God wat hom gestuur het.

Maar nou kom God ook agter u staan:

"Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?" (Rom. 10:14).

Só kom God ook agter die hoorder staan.

God omring ons in sy liefde en sluit ons in van agter en van voor.

Wat 'n groot genade is dit nie!

Veral as ons daaraan dink dat God nie die mens nodig het nie, maar ons het God nodig vir ons *saligheid*.

God roep ons en werk deur die prediking ons geloof. So omring God ons uit loutere genade!

Ds. Andries H. Mulder.

Uit genade gered

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." (Ef. 2:8)

Alle mense is doemwaardig

Alle mense is voor God doemwaardig! As enige mens deur God geoordeel moet word, soos wat hy is, dan moet God hom veroordeel. *Alle mense verdien om hel toe te gaan.*

God is genadig

Gelukkig is dit nie al wat ons in die Bybel lees nie, naamlik hoe *sleg* is ons nie. Ons lees ook (en daarvoor kan ons die Here nie genoeg loof en dank nie) hoe *goed* God is!

Sy liefde en goedheid bestaan daarin dat Hy diegene wat Hy uitverkies het, uit *genade* red.

Wanneer God jou red, dan doen Hy dit uit genade. Nie die allerbeste werke wat jy doen, kan selfs 'n greintjie bydra tot jou saligheid nie.

- Hy *gee* jou saligheid aan jou as geskenk.
- Jy *beërwe* die ewige lewe. 'n Mens verdien nie 'n erfenis nie.

Jy kry dit verniet.

Glo in God

Daardie ewige saligheid kan jy alleen deelagtig word wanneer jy in Jesus Christus glo.

Op die mense wat die evangelie *nie glo nie, bly die toorn van God*. Maar diegene wat die evangelie *van harte glo* en die verlossing in Jesus Christus met 'n ware en lewende geloof bely, word deur Hom van die toorn van God en die ewige ondergang bevry en met die ewige lewe begenadig. Mark. 16:16 lui: Hy wat *glo . . . sal gered word*. ". . . wie nie glo nie, sal veroordeel word."

Joh. 3:16 verklaar dat Jesus Christus aan ons gegee is "sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê."

- Om in die eindoordeel van God vrygespreek te word, is dit van begin tot end 'n kwessie van: *Glo in Jesus Christus*.
- Daar is geen ander pad vir 'n sondige mens om in die hemel te kom, as dié pad wat oor die *kruis* van Golgota heen loop nie.
- Geen goeie werke, geen vroom lewe, geen mooi gebed van wie ookal, geen prysenswaardige voorneme kan jou plek in die hemel koop nie.
- In Hand. 16:30 en 31 vra die tronkbewaarder van Filippi vir Paulus en Silas: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" En hierop antwoord hulle dat hy moet glo in die Here Jesus en hy sal gered word.
- En wanneer jy gered is, deur die geloof in Christus, sal ook jy kan sê (Gal. 2:20en21):

"Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.

"Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

Ds. A. H. Grové

Verlorenheid is jou eie skuld

Die uitverkiesing deur God, geliefde leser, is en bly maar 'n wonderlike saak. In die vorige artikel het u gesien:

As jy uitverkies is . . . gered is . . . salig word — is dit geheel en al *genade*.

En nou: As jy nou *nie* uitverkies is nie . . . nie gered is nie . . . nie salig is nie . . . dan . . .

As gevolg van ons sondige aard is ons natuur nou totaal verdorwe en van nature geneig:

- om God te haat
- om jou naaste te haat
- om sleg te doen.

Dis soos Paulus in Romeine 7:15 sê: "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie." Paulus sê selfs in vers 19: "Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."

Dis die natuurlike van menswees: Haat en slegdoen! En nou roep God jou . .

- tot saligheid
- tot goeie werke
- tot sy *genade*. *Hy roep jou deur sy Woord en Gees!*

Paulus sê selfs in Fil. 2:15 dat God roep jou as ligdraer in die wêreld. En nou ken jy mos die twee kenmerke van 'n skynende lig:

hy kan gesien word

en

hy láát sien.

In Christus *moet* die lig van sy *genade* straal uit alle vensters van jou lewenshuis.

En jou lewenshuis het baie vensters:

- jou oog en gesig
- jou hand en voet
- jou huwelik en gesin
- jou vreugde en smart
- jou *lewe*

Oral en altyd moet deur *jou* woord en daad Jesus Christus gesien kan word . . . sy lig moet uit alles van jou straal.

Doen jy dit wel . . . dan is dit God se *genade*.

Doen jy dit nie . . . dan is dit tog jou *eie skuld*, dis tog baie logies.

Want, geliefde Leser . . .

- die heerlikste, pikantste drankie smaak mos *sleg* in 'n vuil glas
- die helderste lig skyn *dof* deur vuil vensters.

Daarom moet die lig van God se *genade* . .

Daarom moet die lig van jou geloof . . .

nie verdof word deur 'n uiterlike vuil lewe nie . . . of deur die swakke kleingeloof nie of deur

egoïsme en depressie nie. *Nee, sê Christus . . .*

Ek sterf op Golgota . . . vir jou!

En jy? Wees 'n ligdraer van *My* uit genade.

Doen jy dit nie . . . dan is dit jou *eie skuld as jy verlore gaan!*

Doen jy dit? Ja jy *kan* dit doen . . . jy kan ligdraer wees deur die genade van die verlossing *in jou Heiland . . .*

Jesus Christus!

Mag Hy ons genadig wees!

Ds. Nico Ligthelm